

19 Januarie - ARM VAN DIE HERE

Skrifgedeelte: Jesaja 59:1-21

Fokusgedeelte: Jesaja 59:1

Die Here se bereidwilligheid om sy volk te bewaar, mag nooit bevreemding word nie. Hy is nie 'n liefdelose God nie. Hy is ook nie doof vir die noodroep van sy kinders nie. Hy het Hom aan die ou Israel verbind. Sy eer moes deur daardie verbintenis gehandhaaf word. So is Hy vandag in Christus ons sorgende Vader.

Toe die volk in nood geraak het vanweë die druk van hulle vyande, het hulle die Here verwyf. Dit het gelyk of Hy magteloos was en of Hy dalk nie hulle gebede kon hoor nie. Die beeldspraak van die profeet oor die valse beeld van God laat ons 'n koddige wese sien met kort armpies wat nie kon bykom waar hy moes help nie.

Vandag word die Here God ook soms beskuldig dat Hy nie getrou bly aan sy liefdesbeeld nie. Die rampe wat die aarde tref deur watermassas, vuurspuwende berge en aardbewings laat mense met God spot. Dinge gebeur buite sy beheer, sê hulle. Wanneer ernstige siekte of ander teëspoed 'n gesinslid tref, hoor ons ook die verwyf: Is Hy nie in staat om die nood te verlig nie?

Dit is egter nie waar nie! God is almagtig, alomteenwoordig, getrou aan sy beloftes. Waarom sou Hy dan nie hoor en uitkoms gee nie?

Ons kan nie die Here se weë ten volle begryp nie; daarom moet ons nederig wees in gebed. Tog kan ons volharding in 'n sondige leefstyl uitkoms verhinder! *“Dit is julle oortreding wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie”* (Jes 59:2).

Waak daarteen om God te verwyf as jou eie saak nie reg is nie. Kom tot inkeer wanneer nood jou op jou knieë dwing. God se arm is nie te kort om te help nie!

Sing: Psalm 21-1:1, 3

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)